

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2017/02/20	DATUM 2017/02/17			+ - WEEK GELEDE 2017/02/13		+ - MAAND GELEDE 2017/01/23		+ - JAAR GELEDE 2016/02/22	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
	Brent (\$/b)	55.81	0.05	↑ 0.1%	55.76	↓ -1.4%	56.62	↑ 0.5%	55.55	↑ 66.6%
US\$: ? ZAR	13.07	0.070	↑ 0.5%	13.00	↓ -2.3%	13.38	↓ -3.0%	13.48	↓ -15.1%	15.40
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1,893.50	0	0.0%	R 1,893.60	* CBOT Mar sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Mielies Mrt +-12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2,117.86	2	0.1%	R 2,116.07	* CBOT Mar sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Koring Mrt +-12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 4,956.08	12	0.2%	R 4,943.87	* CBOT Mar sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Soy Mrt +-12:00 die vorige dag					
Jongste CBOT prysy tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Corn Spot	368.00	-2.00	↓ -0.5%	370.00	↓ -2%	374.00	↑ 1%	366.00	↓ 0%	368.25
Wheat Spot	441.00	-2.00	↓ -0.5%	443.00	↓ -2%	449.00	↑ 4%	423.00	↓ -5%	462.25
Soybean Spot	1032.00	-3.00	↓ -0.3%	1035.00	↓ -3%	1059.00	↓ -4%	1070.00	↑ 17%	882.75
Jongste MTM-prysy (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)										
SORGHUM Jul '17	3168	0	0.0%	3168	↑ 0.0%	3168	↓ -1.0%	3200	↓ -22%	4080
WMAZ SPOT	2940	59	↑ 2.0%	2881	↑ 0.8%	2917	↓ -15.6%	3483	↓ -39.8%	4880
YMAZ SPOT	2802	12	0.4%	2790	↓ -2.9%	2886	↓ -13.9%	3254	↓ -20.0%	3502
SOY 50 SPOT	6050	-170	↓ -2.7%	6220	↓ -6.9%	6500	↓ -7.7%	6555	↓ -9.9%	6715
SUN SPOT	4918	-72	↓ -1.4%	4990	↓ -5%	5170	↓ -9%	5402	↓ -36%	7659
WHEAT SPOT	3966	7	0.2%	3959	↓ -1%	4000	↑ 2%	3906	↓ -15%	4658
OLIESADE	2017/02/17	Bron: Oilworld			2017/02/10	Feb 2016		Maart 2015		
Soya-oil, Arg.	759				786	↓ -3%	769	↑ 12%	676	
Soya-pell, Arg.	366				359	↑ 2%	339	↓ -1%	368	
Soybean, Brazil	431				432	↑ 0%	410	↑ 5%	410	
USA Runner 40/50	1650				1650	↑ 0%	1600	↑ 27%	1300	
Sun-oil, Arg.	740				745	↓ -1%	755	↓ -8%	800	
Sun-oil, Black Sea	755				760	↑ 1%	750	↑ 1%	750	
Sunseed, Black Sea	395				395	↑ 0%	400	↓ -3%	409	
Rapeseed, EU cif	458				453	↑ 1%	425	↑ 15%	399	
Palmk oil Mal, EU	1590				1745	↓ -9%	1470	↑ 53%	1037	
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLEAE										
Markoosig: Die rand verhandel vanoggend teen relatiewe stabiele vlakte van R13.04/\$. Die rand verhandel stabiel tensypte van die spekulasië in die mark dat daar moontlike kabinet skommelinge kan kom voor die begrotingsrede wat Woensdag deur die Minister van Finansies gelewer word. Beleggers reageer meer op die fundamentele faktore, soos die sterker kommoditeitspryse, eerder as op politieke onstabilitate in die land. Die hooffokus vir die komende week in die Suid Afrikaanse ekonomiesal grootliks op die begrotingsrede wees van die Minister van Finansies. Die verwagtinge tussen analiste is dat daar verhogings in belasting gesien sal word tesame met beperkinge op staatsbestedings om die tekorte op die lopende rekening te beperk.										
Sojabone: Die VSA sojaboon persings het die verwagtinge in die mark oorskry en die persings in Januarie het 'n geskattevlak van 4.63 miljoen ton bereik. Die verhoogde persings in Januarie het die kumulatiieve persings vanaf September 2016 tot en met Januarie 2017 'n nuwe hoogtepunt laat bereik van 22.4 miljoen ton. Die internasionale sojaboonpryse het ondersteuning gevind die laaste ruk, hoofsaklik as gevolg van spekulatiewe geld wat in die mark gekom het, met moontlike swakker produksies in Suid Amerika as die hoof dryfveer. In Argentinië het hulle nog nie begin stroop nie, terwyl die stropery in Brasilië nog 'n hele ruk gaan voortduur. Ongunstige weerstoendane kan steeds skade aan die ooste veroorsaak. Tans word daar goeie opbrengste gerapporteer in Brasilië en lyk dit gunstig vir 'n groot Brasiliaanse produksie vir die seisoen. Die Brasiliaanse uitvoere het ook momentum begin kry en word verwag om abnormaal hoog te wees die huidige maand, maar die oesdruk op die prys weerspieël nog nie in die mark nie. Dit is hoofsaklik as gevolg van die sterker wisselkoers in Brasilië wat die produsente verkoop beperk. Die VSA uitvoere is steeds relatief sterk, alhoewel die Suid Amerikaanse voorraad die uitvoermark betree. Die VSA uitvoere wat toegeneem het was hoofsaklik na onbekende bestemmings, Taiwan, Egipte en deels na die EU toe. Uitvoere na Meksiko en Japan het afgeneem terwyl dié na China relatief onverander gebly het. Plaaslik: Die plaaslike sojaboonpryse het hoofsaklik afwaarts verhandel verlede week. Beide die spot pryse en Maart 2017 kontrakte het hoofsaklik laer verhandel en laer afgesluit teen Vrydag. Die plaaslike pryse verhandel weer nader aan die afgelêde pryse met die plaaslike pryse wat gedaal het die afgelope week.										
Sonneblom saad: Die wêreld produksie van sonneblomsaad meel het 'n sterk groeiende tendens getoon in die eerste paar maande van die 2016/17 seisoen. Die nuwe seisoen voorrade in die swart see streek het die prys van sonneblommeel onder druk geplaas om 'n vraag te skep na die groot voorrade wat beskikbaar is. Die prys is tans baie gunstig dat sonneblommeel in veevoere ingesluit word en die verwagtinge is dat die prys onder druk behoort te bly vir die komende paar maande, met die groot wêreld voorrade wat beskikbaar is. In September tot en met Desember 2016 was die uitvoere van die 3 groot lande 1.9 miljoen ton wat ongeveer 12% hoër is as 'n jaar gelede. Die grootste groei in uitvoere is vanuit die Oekraïne. Sonneblom olie importe na Indië het 'n rekordvlak van 215 000 ton bereik in Januarie 2017 as gevolg van die hoe prys kompetenderheid in wêreld markte. Plaaslik: Die plaaslike sonneblomsaadpryse het verlede week hoofsaklik laer verhandel met die spot en Maart 2017 kontrakte wat die week Vrydag laer afgesluit het. Die plaaslike sonneblompryse het tot onder die afgelêde pryse gedaal en verhandel nou nader aan die uitvoerpariteitsprys.										
Canola: Die canola aanplantings in Kanada word verwag om ten minste 5% toe te neem hierdie seisoen met die prys van canola wat meer gunstig is as dié van ander gewasse soos koring. Die groter verwagte oppervlakte wat onder canola aangeplant behoort te word, kan lei tot 'n rekordoes in Kanada van 'n geskatte 20 miljoen ton, indien daar normale weerstoendane heers. 'n Sterk vraag na biodiesel in die VSA en groot Kanadese canola olie aanbod het die Kanadese bio-diesel uitvoere tot 'n rekordvlak van 53 000 ton in Desember 2016 laat styg en het 'n nuwe hoogtepunt van 361 000 ton in die 2016 kalender jaar bereik. Groot canola uitvoere vanuit Kanada na China plaas onsekerhede oor die Kanadese canola voorraadvlakte. Die verwerkings van canola in Kanada het rekordvlakke van 832 000 ton in Desember 2016 en die geskatte verwerkingsvir Januarie is 790 000 ton. Plaaslik: Die plaaslike produksie van canola word vir die 2016/17 bemarkingseisoen op 105 460 ton geskat volgens die NOK se 6de produksieskatting vir die seisoen. Dit is aangewys vanaf die 108 860 ton wat in die 5de skattung geskat was. Die nuutste skattung deur die NOK word die 28ste Februarie bekend gemaak.										
Grondbone: In China is die mark relatief stabiel met klein prysverhogings wat gesien was onlangs. Die verwagtinge is dat die prys skerper kan styg as gevolg van sterker verwagte vraag en beperkte aanbod. In Argentinië vorder die produksieontwikkeling goed en daar is optimisme na die 2017 oes na die swak 2016 oes wat gesien was. In die VSA is daar tans min van die 2016 oes oor en die fokus is hoofsaklik op die 2017 oes in die VSA. In Brasilië is daar vrees dat oormaat reën'n negatiewe impak op die produksies tot gevolg kan hé, alhoewel daar nog nie omvang van moontlike skade bereken kan word nie. In Indië was daar groot prysstygings gesien, hoofsaklik as gevolg van die kwaliteitsprobleme met hul oes. Plaaslik: Die plaaslike grondbone toestande is gunstig en die aangeplante grondbone lyk goed. Daar kom in sekere gedeeltes wel baie reën voor wat effens nadelig mag wees.										
Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za										